

ST. GEORGE

23 APRIL

(4de eeu)

Ook bekend as Jorik was hy sekerlik een van die gewildste heiliges in die geskiedenis van die Christendom. Daar bestaan talle verhale en legendes oor hom, waarvan die bekendste sekerlik dié is waar hy 'n draak in die moeras buite die stad Silene in Libië verslaan het op voorwaarde dat die inwoners hulle tot Christus sou bekeer. Hoe onderskei 'n mens tussen feit en fiksie? Hy was waarskynlik 'n Romeinse soldaat wat tot die tribunale rang bevorder is. Blykbaar was hy 'n uitgesproke Christen in 'n tyd toe die Christelike geloof verbode was, veral in die Romeinse leërmag. Daar bestaan 'n sterk tradisie dat hy in die jaar 303 by Lidda in Palestina die marteldood gesterf het.

